

AC

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NUMBER: CC. 431/77.

PRETORIA,
23rd FEBRUARY, 1978.

THE STATE VERSUS:

MOSIMA GABRIEL SEXWALE AND
ELEVEN OTHERS.

VOLUME 36

(Pages 1674 - 1744).

HOF HERVAT OP DIE 23e FEBRUARIE 1978.

PETRUS JOHANNES DU PREEZ v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. VAN PITTIUS: U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak, Preterria, is dit korrek? --- Dit is korrek.

Wat is u hoedanigheid daar, luitenant? --- Ek is werksaam as 'n ondersoeker van betwiste dokumente en handskrif.

Kan u voortgaan en uself verder identifiseer? --- Ek kan net meld dat ek gee getuienis in die hoër en laer howe van die Republiek van Suid-Afrika en die aangrensende gebiede vir(10 die afgelope 22 jaar op hierdie spesifieke gebied.

As u sê op hierdie spesifieke gebied, verwys u nou na die ondersoek van bewtiste dokumente, ens., waarvan u melding gemaak het? --- Dit is korrek.

Nou luitenant, dan toon ek aan u BEWYSSTUK 62. Ek verwys na die brief, daar is 'n brief, U Edele - My Lord, I can just mention that we are going to get admission as to this letter, it has not been dealt with and ... (Court intervenes).

BY THE COURT: Let me just have a look at the letter. Amandla.

MNR. VAN PITTIUS: Ek verwys na die brief, deel van Bewys- (20) stuk 62, waar dit begin met "Dear Comrade", en eindig met "Amandla Matla". Kan u dan net daarna kyk, u het dit voor u? --- Dit is korrek. Die brief het ek ontvang van luitenant Calitz.

Kan u maar voortgaan, toe u die brief ontvang het wat het u gedoen? --- Ek het die handskrif op die brief ondersoek en ek het dit vergelyk met monster handskrif wat aan my oorhandig was deur kolonel Booysen op die 23e Junie 1977.

23 Junie 1977? --- Ja. Nadat ek die monsterskrif ondersoek het, het ek vasgestel dat die verskillende monsterskrif (1) stukke, briewe, deur een en dieselfde persoon geskryf is, naamlik /...

naamlik 'n persoon met die naam van John Nkadimeng. Verdere vergelykings wat ek getref het het ek vasgestel dat die dieselfde skrywer van die monsterskrif, ook verantwoordelik is vir die handskrif soos dit voorkom op Bewysstuk 62.

U verwys nou na die brief "Deur Comrade", daardie dokument? --- Dit is korrek.

Nou toe u daardie brief gekry het, en u sê u het toe monsterskrif gekry van kolonel Booysen, het u op daardie stadium dit nodig gehad, daardie monsterskrif, of was u in besit van enige ander skrif? --- U Edele, ek het verskeie (10) ander dokumente in my besit wat ek deur die jare ek sal sê bymekaar gemaak het, en deur my ondersoek en navorsing het ek op handskrif afgekome as dié van John Nkadimeng, en daardeur het ek 'n verdere versoek gerig aan kolonel Booysen om vir my monsterhandskrif te kry wat in die teenwoordigheid van 'n persoon geskryf is, sodat ek met sekerheid kan weet dat dit wel sy handskrif is. En op daardie wyse het ek toe in besit gekom van die betrokke bewysstukke voor die hof.

Voor u daardie monsterskrif gekry het van kolonel Booysen, het u enige vergelykings gemaak met die skrif wat u van die (20) dokumente wat u van die persoon John Nkadimeng gehad het, en dit vergelyk met Bewysstuk 62? --- Dit is korrek.

Toe u dit op daardie stadium vergelyk het, voor u die monsterskrif van kolonel Booysen ontvang het, het u tot enige bevinding geraak op daardie stadium ten opsigte van die twee dokumente? --- Ja, ek was reeds tevrede gewees dat dit die handskrif van John Nkadimeng is, U Edele.

Nou dan toon ek aan u BEWYSSTUK 78 ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Mnr. Gey van Pittius, ons sal seker nog later hoor waar Bewysstuk 62 vandaan kom? (30)

MNR. VAN PITTIUS: Ja, U Edele, dit is wat ek gesê het, ons

kry erkennings daaroor.

Ek toon aan u BEWYSSTUK 78, kan u net daarna kyk. Dit is 'n aantal dokumente. Herken u daardie dokumente? --- Ja, dit is die vyf briewe wat ek van kolonel Booyen ontvang het.

Dié wat u na verwys het as monsterskrif? --- Dit is korrek, U Edele.

Nou kan u net sê wat die datums is van daardie briewe wat daarop verskyn? U het nou die oorspronklikes daar? --- Ja. 28.3.72, 4.2.71, 15.4.75, 4.6.73, 15.2.74 en 13.8.73. Ek moet net meld dat 13.8.73 'n deurslag is, 'n afskrif is (10 van 'n brief.

DEUR DIE HOF: Maar dit was nog skrif, dit was handskrif? --- Dit is reg.

MNR. VAN PITTIUS: Het u op enige stadium daardie briewe onderling vergelyk of enigiets van die aard, die Bewysstuk 76? --- Dit is korrek.

En wat het u vasgestel? --- Dat dit wel deur dieselfde persoon geskryf is.

DEUR DIE HOF: U meen die ses deur dieselfde persoon geskryf is wat Bewysstuk 62 geskryf het? --- Eers net dat die ses (20 briewe deur een en dieselfde persoon geskryf is.

MNR. VAN PITTIUS: Die briewe is nou Bewysstuk 78 wat u nou na verwys het? --- Dit is korrek.

En dan wat het u verder gevind? --- Verder het ek toe vasgestel dat die persoon wat hierdie briewe geskryf het, Bewysstuk 78, ook die skrywer is van die handskrif soos dit voorkom op Bewysstuk 62, "Dear Comrades".

Kan u miskien sê hoeveel merke van ooreenstemming het u aangetref indien moontlik? --- Ek het uitgemerk negentien punte van ooreenstemming met nog 'n paar addisionele punte (30 ... (vliegtuig raas).

DEUR DIE HOF: Luitenant, u het nou kompetisie van die vliegtuie, laat ons maar vir hulle voorkeur gee, dat hulle eers wegkom voordat ons - anders kan ons nie hoor nie. U sê u het negentien punte van ooreenkoms gevind? --- Ja, ek het negentien punte van ooreenstemming aangetoon, U Edele.

MNR. VAN PITTIUS: Wat is die eienskappe en die aard van hierdie ooreenstemming? --- Dit kom maar net in kort daarop neer dat die konstruksie en die vorm van die letters dieselfde is, dat die helling van die skrif in beide groepe van geskifte voorkom, asook die basiese lynformasie, die aanvang (10) en eindstrepe asook die grootte verhouding van die letters van die onderskeie geskifte.

DEUR DIE HOF: En is daar soort van reëls oor hoeveel punte van ooreenkoms daar moet wees voor 'n mens seker kan wees? --- Nee, daar is nie 'n vasgestelde reël neergelê nie.

MNR. VAN PITTIUS: Wat sou u, om aan te sluit by wat Sy Edele nou aan u gevra het, wat sou u indien u dit gewoonlik - betwiste dokumente ondersoek, gewoonlik beskou as die minimum hoeveelheid eienskappe voor u by uself seker is dat dit die persoon is wat dit skryf? --- Dit hang af van geval tot (20) geval, die hoeveelheid skrif wat 'n persoon tot jou beskikking het of gestel het, byvoorbeeld in 'n handtekening, byvoorbeeld 'n kort naam kan jy miskien op die maksimum sê vyf ooreenstemmende punte kry. Hoe meer skrif jy het hoe meer ander punte kan jy vasstel, so dit is moeilik om 'n minimum hoeveelheid definitief neer te lê U Edele.

Wil u u nie uitspreek ten opsigte van hoeveel u as voldoende beskou het ten opsigte van die brief Bewysstuk 62 nie, deel van Bewysstuk 62 nie? --- U Edele, as u al die kenmerke in oënskou neem oor ooreenstemmende eienskappe wat daar wel (30) is, asook die normale variasies wat voorkom in beide groepe geskifte, /...

geskifte, asook sekere verskille wat wel voorkom, wat jy nie net tussen Bewysstuk 62 en 78 kry nie, maar wat jy ook in die briewe van Bewysstuk 78 kry, dan is die hoeveelheid wat ek hier aantoon vir my voldoende om te sê dat dit is wel deur een en dieselfde persoon geskryf.

Luitenant, die persoon John Nkadimeng wat u gesê het u die briewe van gehad het aanvanklik, die dokumente, en wat u ook sê wat u na u ondersoek bevindhet Bewysstuk 62 geskryf het, het u die persoon enigsins geken miskien? --- Ek het die persoon nie geken nie, al wat ek van die persoon weet (10) is dat ek het van hom handskrif gehad waar hy betrokke was in 'n vorige saak.

Ek weet nie of u miskien vir die gerief van die hof - u het by die vorige verhoor het u afskrifte gehad van die dokumente. Kan u dit moontlik aan die hof oorhandig? --- Ek kan wel die monsters wat ek in 'n vorige saak gebruik het inhandig, ek het nie meer die oorspronklikes daarvan beskikbaar nie, en dan het ek ook van die bewysstuk wat ek destyds ingehandig het afdrucke gemaak. Wat ek wel hier inhandig is net ten opsigte van die handtekeninge en nie (20) van ander geskifte nie.

Luitenant, ek wil net hê - ek weet nie of ons mekaar misverstaan nie, as ek praat van die vorige saak praat ek van hierdie selfde saak voor die vorige regsbank. Praat u van die vorige saak waarin u getuig het voor 'n ander ... (tussenbei).. --- Jammer, U Edele, ek praat nou dan van heeltemal 'n vorige saak, nie die huidige saak nie.

DEUR DIE HOF: Ja nee, as u praat praat van wat u ingehandig het voor wyle Davidson R.

MNR. VAN PITTIUS: Het u afskrifte daarvan miskien wat u kan (30) inhandig vir die grief van die hof? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE/...

DEUR DIE HOF: Gaan ons dit nou nommers gee?

MNR. VAN PITTIUS: U Edele, dit was genommer laas, ek dink dit is BEWYSSTUK 78, 1, 2, 3, 4, 5, 6 genommer, die monster-skrif, en dan die betwiste dokument, die brief, is ook BEWYSSTUK 62, 'n deel van Bewysstuk 62. Dit verskyn op die lys van bewysstukke wat die spesifieke ... (tussenbei).

DEUR DIE HOF: Hulle word dan gemerk die brief - 78, 1, 2, 3, 4, 5 - en dan fotostaat van Bewysstuk 62. En Bewysstuk 62.

MNR. VAN PITTIUS: Nou u het gemeld van die handtekening.

DEUR DIE HOF: Ek sien hier is nog 'n 78 (6) ook mnr. Van Pittius? (10)

MNR. VAN PITTIUS: Ja, U Edele, ek kom nou daarby, dit is juis waaroor ek wil vra. U het gemeld van die handtekening. U het dit ook op die vorige stadium by die verhoor voor wyle Davidson R. ingehandig. Watter handtekening is dit? Dit is die handtekeninge wat u by die vorige verhoor waar u getuig het vantevore - ek dink dit was by die vorige verhoor ook ingehandig as 78, is dit korrek? --- Ek is nie seker nie, dit is nie gemerk nie, ek weet nie of dit ingehandig was nie.

Herken u daardie, het u daardie handtekeninge wat u daarvan het, fotostaat - is dit fotostaat of is dit fotos? --- Fotos, U Edele. (20)

Van die handtekeninge? --- Dit is reg.

Herken u enige van daardie handtekeninge? --- Dit is wat ek in heeltemal 'n ander saak ingehandig het as bewysstuk.

En wie se handtekeninge het u toe ..? --- Dit was dié van John Nkadimeng.

Het u dit ook gebruik moontlik in u vergelyking? --- Ek het dit in ag geneem met die ander handskrifte om teker te maak dat dit wel syne is.

U Edele, dan handig ek daardie - dit was wel later (30)

inderdaad later ingehandig as 78(6), met om die volgorde dan reg te kry. U Edele, dan het ek geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. CHASKALSON: Luitenant, u het voorheen in 'n saak - u was voorheen in 'n saak waarin John Nkadimeng betrokke was, u was ook daarin betrokke, né? --- Dit is korrek.

En ek verstaan van die getuienis wat u voorheen afgelê het dat dit was om en by 20 jaar gelede? --- Dit is korrek, plus-minus.

Plus-minus 20 jaar gelede? --- Ja.

(10)

En u het ook op die vorige verhoor voor Regter Davidson in hierdie saak getuig? --- Dit is reg.

Nou u het destyds sekere voorstelle aanvaar wat ek weer aan u wil stel? --- Dit is korrek.

15 Eers dat die identifikasie van handskrif is nie 'n eksakte wetenskap soos die identifikasie van vingerafdrukke nie? --- Dit is korrek. 17

16 En tweedens dat ooreenstemmende skrif-eienskappe is dikwels gevind tussen die handskrifte van verskillende persone? --- Dit is korrek.

(20)

En die rede daarvoor is dat daar 'n beperkte getal van letterformasies is? --- Dit is so.

23 En as 'n mens een monsterskrif gebruik, net een dokument, en daardie dokument toon aan dat daar verskillende letterformasies gebruik word in die skrywe daarvan, is dit meer waarskynlik dat daar ooreenstemmende faktore sal wees tussen daardie monster en ander handskrifte? --- Dit is korrek.

Nou ongelykhede in handskrifte is 'n teken dat die handskrifte mag nie deur dieselfde persoon of dat die handskrifte nie deur dieselfde persoon geskryf is nie, dit is 'n teken daarvan? --- Kan u net weer die woorde herhaal wat u ..?

(30)

Ja, as/...

Ja, as daar ongelykhede in die handskrifte is tussen 'n monster en 'n ander handskrif, is dit 'n teken dat dit nie deur dieselfde persoon geskryf is nie? --- Dit is so, as u bedoel dat dit verskille is.

Ja, verskille? --- Dit is korrek.

En in die vergelyking van handskrifte is groter gewig gegee aan verskille as aan gelykhede, of ooreenstemmende faktore? --- Dit is so.)

Nou ek wil net sekere uittreksels uit die vorige getuienis lees en vra of u volstaan daarby? Kan u asseblief die Bewys-(10) stukke 78 (1) tot (5), en Bewysstuk 62 voor u hou terwyl ek die vorige getuienis lees. Dit is bladsy 2540 van die vorige rekord, en die getuienis lees soos volg: Dit was in Engels luitenant. : "What I really want to point out to you" - dit is die vraag wat ek aan u gestel het - "What I really want to point out to you is that these documents are really very difficult to make comparisons because of their numerous variations which one finds." --- That is correct.

And then the judge interrupted me and said : "Do you mean numerous within one document?", and I said : "Within the document and between the documents", and your answer was : "And between the documents, yes". And the next question was : "It is really, it is not the sort of consistent handwriting which one can say well, that is definitely written by him", and your answer was : "Exactly, that is the point"? --- Dit is korrek. (20)

And the next question was : "This is really one where there are problems", and your answer was "Yes". --- Dit is korrek.

And the next question was : "And you have experienced (30) problems", /..

problems", and your answer was "Yes, certainly". Is dit korrek? --- Dit is korrek, U Edele.

Nou op bladsy 2544 van die rekord het Regter Davidson vrae aan u gestel, luitenant, en die Regter se vrae lees soos volg en u antwoorde sal ek ook gee:

"If I put points when I see them as we go on, because one sees, one's eye falls on a letter while you are looking at a document, it may not be the one you are actually putting to him, but I would like to put it. If you look at the disputed document, the "Dear Comrade" one, in the 6th line up (10) from the bottom" - dit is Bewysstuk 62, luitenant - "carrying mourning campaign". Do you see that? Do you see the "m" of mourning?" En u antwoord was (Court intervenes).

BY THE COURT: Mr. Chaskalson, I may just point out the document I have got in front of me, under the "carrying mourning", I take it that is a line made by Judge Davidson and there is a circle round the "M".

MR. CHASKALSON: It is very likely because the judge is about to draw attention to the "m" My Lord.

BY THE COURT: Well, that is what I see on the document in (20) front of me.

MNR. CHASKALSON: En u het gesê "yes". Die Regter het gesê: "You see" - "Yes". "Under the SSRC"? - Yes." "Now that "m" there, does that look anything like the "m" in 78(2) "magistrate's court building"? And they are both capitals", en u het gesê : "There is actually a difference although the construction, the way it is formed is still the same." Then the judge said : "Well, there is another "m" that I noticed somewhere which had a very similar form to the "m" in 78(2), but I cannot remember where it was, probably one of the (30) other letters" (Court intervenes).

BY THE COURT: I see, Mr. Chaskalson, on this 78(2) there is also a circle round this "m"?

MR. CHASKALSON: Again Your Lordship probably has the same document that His Lordship Mr. Justice Davidson was marking on the last occasion.

MR. CHASKALSON: And - "probably one of the other letters, but it almost had a loop in the central piece in the word "magisterial", in 78(3). Compare that with "magistrate" in 78(2) and they seem to be roughly similar, but then they are quite different from the "m" of "mourning", en u antwoord(10) was "That is true". --- Dit is korrek.

"And then incidentally also down in that "Dear Comrade" letter, the third last line says "we suggest that comrades M or J" now that "M" is again somewhat different from the "M" of "mourning", but on the face of it, it is quite different from the "M" of "magistrates" and "magisterial". En u antwoord was "Yes, that is true. That is what was said in the beginning that just for the capital it seems that they haven't got all the capital letters in the documents." Die Regter het toe gesê : "In other words you haven't (20) got all the material to compare", jou antwoord was "Exactly". --- Dit is korrek.

Die Regter het gesê : "What puzzles me when I look at all these documents without trying to be wise about them is the first one, that is the "Dear Comrade" one, seems to be quite different in its formation of writing to the others. Just look at it quickly. It does not look like the writing in any of the others. The others look more like what I would call a script - it may be the wrong word. What do you use script for, for the single letter, the individual letter?" And your answer was : "Actually printing".

"Yes, well, /...

"Yes, well, I would say that the letter itself gives you a quick impression almost of script whereas the others do not. There seems to be far less of the ..", en u antwoord was : "But now on the other hand, we do not know the position in which this document was written, and what I mean by that was it in a standing position, was it sitting". En dan die Regter het vrae oor tjeks gevra, en daarna het hy gesê : "What about the size of the writing? Is that not of some significance", en u antwoord was : "That is also to a certain extent smaller, but then you do get that again in (10) the second writing where it is sometimes quite big, a word and letters and on the other one, I think it is (3) where it is pressed again together and quite small. (3) and (5). So even as far as that is concerned again there is also a variation as to the size of the writing."

BY THE COURT: Is that now what is said by the judge?

MR. CHASKALSON: No, that is the answer the witness gave.

En dan het die Regter gevra: "But wouldn't you say, looking at each one of these documents, if you were to turn the pages from 78(1) right to the 78(5) and hold in your right (20) hand the "Dear Comrade" and in the left hand the others, don't you at first sight, at least first sight give you an uneasy feeling that they do not appear the same sort of writing?" en u antwoord was : "That is so, but then I just want to go back as far as my investigations are concerned that I am actually not allowed to hand that in." And then you wanted to go on to refer to something else in your investigations and you were stopped? --- That is correct.

U volstaan daarby? --- Dit is korrek.

DEUR DIE HOF: Luitenant, die goed wat die Regter u nou oor (30) gevra het en uitgewys het, het u dit in aanmerking geneem toe

u besluit het dat u oortuig is dat dit dieselfde skrif is?
--- Dit is korrek, ek het inteendeel elke letter indiwidueël behandel en op ag geslaan.

MNR. CHASKALSON: Nou luitenant, u het gesê dat die verskillende faktore van groter belang is as die ooreenstemmende faktore, en ek wil na sekere verskillende faktore in die briewe wys. Kan u asseblief die briewe voor u - kyk asseblief na Bewysstuk 62. Dit eindig "Yours, Amandla Mtla". Het u dit? --- Ek het dit.

Nou in elke brief is daar aan die einde van die brief (10) die woorde "Yours faithfully" of "Yours"? --- Dit is korrek.

Nou as u die "Yours, Amandla Matla" vergelyk met die "Yours" in die briewe 78(1) tot (5), die "Yours" in Bewysstuk 62 verskil heeltemal van die "Yours" in die monsters 78(1) tot (5)? --- U Edele ja, as ek reg onthou het ek dit ook in die vorige getuienis ook so genoem dat dit wel verskil, in sy geheel, maar dat ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Ek kan nie vrae vra wat my vorige ampsbroer gevra het nie, want ek wil nie die indruk gee dat ek iets van handskrif weet nie, maar is dit nie so dat 62, die woord (20) "Yours" is in drukskrif geskryf, en in die ander een is dit in lopende skrif geskryf? --- Dit is korrek, U Edele, dit is nou net wat ek eintlik my antwoord op wil baseer, is dat ook in die vyf briewe waar "Yours" geskryf is, nie een identies dieselfde is nie. Alhoewel dit in lopende skrif geskryf is. As ons net byvoorbeeld vat die eerste een gedateer 13.8.73 die "Yours" staan net die klein letter "s" .. (tussenbei).

Watter een is dit nou? --- 13.8.73, U Edele.

Dit is 78(1). Ja, 78(1), daar is "Yours" in lopende (30) skrif? --- In lopende skrif, behalwe dat die klein lettertjie

"s" nie /...

"s" nie verbind is met die vorige letter "r" nie.

Ja, ek sien. --- En daar wil ek net verder gaan om te sê dat daardie klein letter "s" se formasie weer terugslaan na die "Yours" se "s" op Bewysstuk 62.

MNR. CHASKALSON: Maar daar is verskillende "s" ... (Hof kom tussenbei).

BY THE COURT: Mr. Chaskalson, just a moment, let me just find these words. Terwyl die advokaat die dokumente opkyk, op hierdie Bewysstuk 62, die fotostatiese afdruk wat u vir my gegee het, daar is so 'n klomp rooi syfertjies en strepe. (10) Is dit nou - verwys dit na die punte van ooreenkoms of wat? --- Dit is korrek, U Edele. Ek wil net vir u meld ek het ook aan die Verdediging 'n omskrywing gegee van elke punt wat daar aangetoon word. Ek glo nie u beskik oor een nie.

Het u dit vir die Verdediging gegee? --- Ek het dit vir die Verdediging ook gegee, U Edele.

Wil u dit inhandig mnr. Chaskalson?

MNR. CHASKALSON: Dit is op die vorige verhoor ook ingehandig.

DEUR DIE HOF: Wel, ek het nie die vorige verhoor nie.

MNR. CHASKALSON: Wel, ek vra nie die getuie daarvoor nie. (20)

MNR. VAN PITTIUS: Ek dink by die vorige geleentheid was - ek is jammer om ook nou weer te sê by die vorige geleentheid, was daar 'n ooreenkoms dat dit wel ingehandig word, of toestemming in elk geval van my geleerde vriend se kant af. Ons het dit toe ingehandig bloot omdat ons gevoel het dit sal die hof help, en ook my geleerde vriend in kruisverhoor om beter (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: In elk geval, dit moet dan ingehandig word aangesien dit aan die Verdediging gegee was en aangesien dit miskien kan help met die ondersoek? Satisfied, Mr. Chaskalson? (3)

MR. CHASKALSON: My Lord, I am not asking for it, but ... (pause).

BY THE/...

BY THE COURT: Yes well, we will number this as EXHIBIT 78(7).

Is dit die dokument wat u aan die Verdediging gegee het? ---

Dit is korrek, U Edele.

MNR. CHASKALSON: Nou u sê dat in Bewysstuk 62 is dit drukskrif en die ander bewysstukke is dit lopende skrif? --- Ja, dit is so, behalwe dat in Bewysstuk 62, behalwe dat dit in drukskrif is is daar hier en daar die neiging om wel 'n verbindingsstreep te vorm, maar die algemene neiging met die eerste oogopslag ook is dat dit in drukskrif is.

DEUR DIE HOF: Ek weet nie, die 78(1), (2), (3) en so aan, (10) in 62 sal u sê dit is met dieselfde soort van pen geskrywe of nie? --- Nee, beslis nie, U Edele.

MNR. CHASKALSON: En in elk geval daar is daardie verskil byvoorbeeld die formasie van die letter "y" in die woord "Yours"? Dit verskil van die letter in die ander "Yours" byvoorbeeld? --- Dit is korrek.

Nou laat ons kyk na die woord "Dear". Kyk asseblief na Bewysstuk 78(5). U het 78(5), dit begin "Dear Sir"? --- Dit is korrek.

Vergelyk die "Dear" in "Dear Sir" met die "Dear" in (20) "Dear Comrade"? Dit verskil? --- Dit is korrek, maar soos ek - ek moet myself net daar darem ook duidelik stel weer, wanneer ek daarna gekyk het het ek dit nou weer op byvoorbeeld 78(2) waar daar hoofletters tevoorskyn kom, aangetoon dat daardie "d" in "Dear Comrade" op Bewysstuk 62 gevorm word soos wat dit gedoen word op Bewysstuk 78(2), en soos ek reeds gesê het, die variasies wat voorkom in die vyf briewe word daar verskillende hoofletters "D" gemaak en ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Laat ek sien waar is die letter "D", in (30) 78(2)? --- Byvoorbeeld in "Tuesday", dit is die vyfde reël plus-/...

plus-minus, U Edele.

Ja ek sien, laat ek nou daardie "d" vat en kyk. Ja, ek sien, die "Tuesday" se "d" daar op 78(2) en die "d" van 62 die sê i kom ooreen? --- Dit is korrek.

MNR. CHASKALSON: U sê dit is dieselfde formasie, maar dit is in twee bewegings né? --- Dit is korrek.

En dit is 'n gewone manier om 'n hoofletter "D" te vorm? ---Dit is 'n elgemene reël.

Daar is dan niks belangrik daarin. Kyk asseblief luitenant, na ander "d's" in die monsters. Kom by 78(1) ... (Hof(10) kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Die naaste "d" wat my oog op val is Diepkloof.

MNR. CHASKALSON: Ja, kyk na Diepkloof. Nou dit verskil van die "D" in "Dear Comrade"? --- Dit is korrek.

Kyk na die "d" in Nkadimeng in die eerste lyn, dit is ook 'n verskil? Stem u saam? --- Ja.

DEUR DIE HOF: Ek het nie daardie Nkadimeng nie.

MNR. CHASKALSON: Die boonste woord op die brief in 78(1), John Nkadimeng, die "d" in Nkadimeng. Kyk asseblief na die brief waarvan u melding gemaak het, 78(2)? Kyk na die "d" (20) in die brief? Dit verskil van die "D" in "Dear Comrade"? --- Dit is korrek, U Edele, dit is nou wat ek gesê het. Die "D" in "Diepkloof" verskil van die "D" op Bewysstuk 62, maar dit verskil dan ook van die "d" in Tuesday", met ander woorde "Diepkloof" is nie deur dieselfde persoon geskryf as die man wat Tuesday geskryf het nie, dit is wat die argument was.

DEUR DIE HOF: Ja, terwyl u sê dit is op die brief duidelik dat die ou wat "Diepkloof" hierbo geskryf het het ook die "d" geskryf in Tuesday? --- Dit is korrek.

In dieselfde Bewysstuk 78(2)? --- Ja, U Edele, (30)

MNR. CHASKALSON: Kyk in die sesde reël van 78(2), die "d" in Leonard?/...

Leonard? Dit verskil weer van die "d" in "Dear Comrade". ---
Dit is korrek.

Kyk na 78(3)? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Waar key jy 'n "d" daar?

MNR. CHASKALSON: Waar is daar 'n "d" in 78(3)?---Diepkloof.

Diepkloof, ja. --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Ja, op die oog af lyk dit dieselfde as die 78(2)
se Diepkloof?

MNR. CHASKALSON: Ja, maar dit verskil van die "d" in 62? --- Ja.

In die sesde reël van daardie brief, die woord "Randburg
Magisterial District", dit is 78(3)? --- Dit is korrek. (10)

Die hoofletter "D" verskil van die "D" in "Dear Comrade"?
--- Dit is korrek.

78(4)? John K. Nkadimeng, die heel boonste woord. Die
"d" is weer 'n verskillende "d" van die "d" in "Dear Comrade"?
--- Dit is korrek.

Kyk na die 78(6), die hoofletter "D" in "Dear Sir", dit
verskil van die hoofletter "D" in "Dear Comrade"? --- Dit is
reg.

Kyk na die tweede laaste lyn van daardie brief, die hoof-
letter - die woord "Diepkloof"? --- Dit is korrek. (20)

Dit is weer 'n verskillende "D"? --- Ja.

DEUR DIE HOF: Sê vir my, die briewe hier in 78(1), hulle is
gedateer in 1973, in 1974, in 1974 of 1975, 1973, 1971? ---
Dit is korrek.

En 62, wat is die datum van die geskrif? --- Ek het geen
idee nie, U Edele.

MNR. CHASKALSON: Daar is geen getuienis daaroor nie, U Edele.

DEUR DIE HOF: Oor wanneer hy geskryf is nie?

MNR. CHASKALSON: Nee. Nou in Bewysstukke 78(1) tot (5),
u het gemerk waar die ooreenstemmende letters is? --- Dit is (30

korrek. /...

korrek, U Edele.

Nou u het een hoofletter "D" gemerk wat u sê is ooreenstemmend, maar ek het baie meer "D's" in die monsters na verwys wat verskil? — Ek stem saam daarmee.

Laat ons byvoorbeeld kyk na die woord "for". U het daardie woord in die eerste lyn van Bewysstuk 62 gemerk? — Dit is korrek.

Nou ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Wag 'n bietjie, 62 is die een ..?

MNR. CHASKALSON: 62 is "Dear Comrade", U Edele. (10)

DEUR DIE HOF: Dit is gemerk met 'n "3"?

MNR. CHASKALSON: Ja, dit word "3" gemerk. Nou kyk asseblief na die Bewysstuk 78(4). In die vierde lyn van 78(4) is daar die woord "for". Het u dit? — Ek het dit.

Nou dit verskil in formasie van die woord "for" in die eerste lyn van Bewysstuk 62? — Dit is korrek.

DEUR DIE HOF: Dit is nou die "f" van die twee "for's" lyk dit so dat die "f" verskil. Wat van die "o" en die "r"? Wat sê u daarvan? — Die "o" en die "r" is presies dieselfde.

MNR. CHASKALSON: Wel, laat ons daarna kyk. Die is 'n (20) gewone formasie van die letters "o" en "r", nie waar nie? — Dit is korrek.

Ja, en die - watter een was dit ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Dit is 62 die eerste lyn en 78(4) se vierde lyn?

MNR. CHASKALSON: Ja. Nou die verbinding tussen die "f" en die "o" verskil in die twee, kyk asseblief na die eerste "for" in Bewysstuk 62? Nou die verbinding tussen die "f" en die "o", daar is geen verbinding tussen die "f" en die "o", maar in 78(4) is daar 'n verbinding? — Dit is korrek, u (30) sien, ek wil u net wys as u nou net gaan na bladsy 4 toe ...

(Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Wag, voor ons nou daardie punt los, nou lyk dit vir my op hierdie 78(4) is dit lopende skrif? — Ja.

Terwyl die ander een is drukskrif? — Ja. U Edele, daarom dat ek graag wil verwys na die woord "for" op 78(4), die tweede reël daar, sal u sien ek het daar spesifiek die letter "3" by in rooi.

78(4)? Nee, dit is nie 78(4) nie. — (5), ekskuus.

Ja?

MNR. CHASKALSON: Wel, weer daar is die verbinding tussen die (10) "f" en die "o"? — Dit is korrek.

Die "f" is nie presies dieselfde in 78(5) as die "f" in 62 nie? — Wel, hy is nie presies dieselfde as jy hom gaan meet van die bopunt tot die onderpunt waar hy eindig nie, maar die formasie, die beginpunt van die "f" aan die bokant waar hy onder omdraai met daardie oë wat hy onder op die basiese lyn vorm, U Edele, dit is vir my 'n kenmerk wat in beide geskrifte voorkom.

Maar dit is 'n styl van handskrif, daar is baie mense wat 'n "f" op so 'n manier maak, is dit nie waar nie? — (20) Dit is korrek.

Ja, dit hang af van waar jy op skoel was en baie verskillende faktore? — Dit is korrek.

Kyk na die "o" in "for" in Bewysstuk 78, en die "o" in "for" in Bewysstuk 62? In 78(5) en in 62? Dit is die twee woorde wat u vergelyk het. Nou die "o" dit lyk vir my as die formasie van die letter in 62, dit is heeltemal rond, daar is geen ope plek? — Dit is korrek.

Nou kyk na die "o" in 78(5), dit is nie heeltemal rond nie en daar is 'n ope plek bo? — Dit is korrek. (30)

Daar is die verskillende faktor? — Dit is korrek.

Nou /...

Nou in daardie selfde brief 78, kyk na reël 10. "Request for your urgent" - nou dit is weer 'n verskillende vorm van die woord "for"? — Dit is korrek. Die "f" verskil daar totaal van die "f" wat in die tweede reël gebruik word.

Ja. Wat ek aan u stel is dat daar soveel letterformasies in die monsters is dat 'n mens sal verwag om ooreenstemmende faktore met enige skrifte te kry? — U Edele, en daarom het ek dit ook so uiteengesit. Ek sê byvoorbeeld hierso punt no.3, die klein letter "f" word 'n aanvang geneem met 'n klein hakie aan die bokant en beweeg dan afwaarts met 'n ogie wat gevorm word aan die onderpunt. Dit is nou net wat betref die punt no.3. En dan sê ek verder "alhoewel daar ook 'n verskeidenheid van die letters "f" bestaan, is dit 'n normale voorkoms in beide/^{groepe}geskifte", dit kom in die monsters sowel as op Bewysstuk 62 voor. (10)

Ja, maar u sê dat die letter "f" daardie formasie is 'n gewone manier om daardie "f" te vorm? Dit is wat baie mense doen? — Wel, elkeen het sy eie manier van "f" maak.

DEUR DIE HOF: Kan u my nie sover help nie, luitenant, wil u nie liever hierdie bewysstuk uitlees nie, hy is nie te lank nie, dan kan ek dit presies nagaan, as u wil. Otherwise we are jumping around and I don't know where I am. — Goed, U Edele. Ek begin by punt no.1 waar ek die hoofletter "D" geneem het. "Die vorm en konstruksie van die hoofletter D uitgevoer in twee bewegings. Die afwaartse streep word gevorm vanaf die bokant met 'n baie geringe swaai na regs aan die onderpunt. Hier word die pen opgetel en word die sirkelgedeelte aan die bokant begin wat 'n rede- (20) like skerp hoek aan die bokant vorm, dan afwaarts beweeg en verby die onderste punt van die afwaartse been verby

beweeg. "

MNR. CHASKALSON: Kan ek net op daardie stadium vir u iets vra (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Mnr. Chaskalson, wees asseblief so vriendelik, laat hy maar eers die ding deurlees, dan kan u hom vra net soveel as wat u wil. Ja? — "Punt no.2: Die letter K. Die hoof- sowel as klein letter K word in twee bewegings uitgevoer. Eers met die afwaartse streep, daarna die tweede beweging het 'n opwaartse neiging en die finale beweging aan die einde. Sien ook onuitgewysde letter "k" soos byvoor-(10) beeld in Diepkloof."

Ja? — "Punt no.3: F. Die klein letter "f" word 'n aanvang geneem met 'n klein hakie aan die bokant en dit beweeg dan afwaarts met 'n ogie, 'n islet, wat gevorm word aan die onderpunt. Alhoewel daar ook 'n verskeidenheid van die letters "f" bestaan is dit 'n normale voorkoms in beide groepe geskrifte."

Ja? — "Punt no.4: T. Die klein letter "t" wat met of sonder 'n aanvangsstreep gevorm word, met 'n ronde beweging aan die onderkant, en die neiging van die kruising wat meer (20) aan die regterkant gevorm word."

Ja? — "Punt no.4: H. Die klein letter "h" beweeg vanaf die bokant na onder, en sonder om met dieselfde streep terug te beweeg word daar vanaf die onderpunt direk na regs beweeg met 'n skerp hoek wat aan die bokant van die ronde gedeelte gevorm word.

"Punt no.6: Q: Doe vorming van die klein letter "q" neem 'n aanvang regs bo en beweeg na links om die sirkelgedeelte te vorm waarna die afwaartse streep aangebring word met (30) 'n skerp hoek wat gevorm word aan die onderpunt van die finale beweging."

Ja? --- "Punt no.7: A. Hierdie punt is een van die hoofletters "A" wat gebruik word met of sonder 'n aanvangsstreep en 'n ronde beweging aan die bokant om die twee bene met mekaar te verbind. Die tweede been wat geneig is om net bo die basiese lyn te eindig. Die hoofletter "A" word voltooi met die dwars streep wat aangebring is van links na regs, effens skuins na onder.

Punt no.8: W. Die vorm en konstruksie van die klein letter "w" met of sonder 'n aanvangsstreep, met die eerste gedeelte meer in 'n ronde formasie en skuins beweging na bo om die middelpunt te vorm. Met die laaste gedeelte meer hoekig gevorm van regs onder na links bo vir die finale beweging om met of sonder 'n dwars streep af te eindig. (10

Punt no.9: To. In die woord "to" met dieselfde soos vooraf weergegee in die klein letter "t" met die wyse van die verbindingsstreep vanaf die onderpunt van die "t" na die klein letter "o", met die finale beweging van regs onder na links om by die punt 11-uur te eindig.

Punt no.10: T. Soos vooraf beskryf wat aandui dat dit lyk of die klein letter "t" in die lug hang, en 'n halfmaanvormige beweging. (20

Punt no.11: Y. Die vorm en konstruksie van die klein letter "y" waarvan die twee afwaartse strepe wat die "u" gedeelte vorm baie kort is, of feitlik nie bestaan nie, maar slegs 'n horisontale beweging uitmaak. Daarna die afwaartse beweging onder die basiese lyn waar daar nie 'n normale langwerpige lis gevorm word nie, maar na voltooiing die vorm van 'n ogie aanneem. Die afwaartse beweging kruis om na regs in 'n boogvormige posisie te eindig met drukking in die laaste beweging. (30

Punt no.12: Of. Die algehele vorm en beweging vanaf die /...

die beginpunt van die klein letter "o" wat nog bo in die middel begin en na voltooiing opwaarts beweeg om sodoende die verbinding met die klein letter "f" te vorm. Daarna afwaarts beweeg vir vorming van die lis gedeelte en na links te eindig binne of by die klein letter "o".

Punt no.13: G. Alhoewel daar meer as een vorm in die klein letter "g" bestaan wat as 'n normale variasie beskou word, is hierdie geval weer eens 'n kernmerk waar die sirkel gedeelte nie voltooi word nie, maar is die aanvang weer eens aan die bokant, beweeg dan links om en vorm sodoende die lis gedeelte onder die basiese lyn om met dieselfde drukking te eindig soos in die geval van die klein letter "y". (10)

Punt no.14: D. Die ovaalvormige sirkel gedeelte in die klein letter "d" het 'n kort beweging na die bopunt vanwaar 'n kort langwerpige formasie plaasvind in afwaartse beweging en die helling/slant skuins na regs onder beëindig word.

Punt no.15: ER. Die vorming en konstruksie van die klein letters "er" kombinasie, waar die klein letter "e" feitlik onvoltooid is en die vorm van 'n klein letter "c" aanneem met 'n skuins verbinding van links bo na regs onder. Daarna 'n kort afwaartse beweging tot onder die basiese lyn met die finale beweging in die klein letter "r" om boogvormig te eindig.

Punt no.16: In. In die woord "in" of die klein letters "in" word die klein letters "i" voorafgegaan met 'n kort aanvangsstreep, met 'n kort afwaartse beweging en 'n ronde boogvormige verbinding na die klein letter "n". Die helling in die eerste been van die klein letter "n" is heeltemal na links. Dit beweeg dan ook van links bo na regs onder met (30)

'n kort/...

'n kort beweging na die tweede been van die klein letter "n", waar 'n skerp hoek aan die bokant gevorm word voordat 'n finale boogvormige eindiging na regs bo plaasvind.

Punt no.17: S. Die algemene vorm en konstruksie van die klein letter "s", die aanvang word gevorm met 'n ronde beweging van regs bo, beweeg dan na regs onder, sodat hierdie eerste gedeelte die vorm van 'n klein letter "c" aanneem. Daarna word daar skerp na links beweeg in die finale streep sodat 'n skerp hoek gevorm word regs onder op die basiese lyn. (10)

Punt no.18: P. Die algemene kenmerk in die klein letter "p" is dat daar oor die algemeen in twee bewegings gekonsentreer word, in die eerste beweging word die afwaartse streep aangebring met 'n neiging van 'n geringe swaai aan die onderpunt van die afwaartse streep na regs. Daarna word die sirkelvormige gedeelte aangebring.

Punt no.19: R. Die vorm en konstruksie van die hoofletter R met die helling/slant van die afwaartse streep van regs bo na links onder. Die sirkelvormige gedeelte aan die bopunt van die afwaartse streep word gesluit met 'n dubbel (20) beweging (re-trace) waarna die finale streep in 'n boogvormige beweging eindig.

Dan gaan ek voort: L. Die hoofletter "L" ongenommerd maar wel omsirkel, toon die helling van die afwaartse beweging ook van regs bo na links onder, en swaai dan in 'n horisontale beweging na regs en eindig met 'n hakie of 'n opwaartse neiging in die finale punt.

A. 'n Ander tipe hoofletter "A" ook ongenommerd maar omsirkel waarvan die vorm, konstruksie en helling dieselfde is soos omskryf in punt no.7 maar waar die tweede of laaste (30) been na links inswaai in die finale beweging."

DEUR DIE HOF: Luitenant, nou help dit my, nou hoef ons nie

alles af te skryf wat u gesê het nie. Is dit wat u nou hier oor getuig het as die negentien punte wat u as ooreenstemmend gevind het? — Dit is korrek.

En die ander wat mnr. Chaskalson aan u gestel het daar wat die verskille is? — Dit is korrek.

MNR. CHASKALSON: Nou u het melding van daardie "L" gemaak wat u omsirkel het in 62? — Dit is korrek.

Kyk asseblief na die "L" in byvoorbeeld 78(2)? Die "L" van "Leonard" 78(2), die sesde reël. Dit is 'n verskillende formasie want daar is geen eindstreep nie, en die helling (10) van die onderste streep verskil? — Ja, dit verskil presies, want dit is nou weer eens, U Edele, in Diepkloof is daar ook weer in daardie "l" verskil totaal van die "l" in Leonard op dieselfde brief, en dit is my argument. Dit wil sê hierdie "l" is nie deur dieselfde persoon geskryf as hierdie "l" nie. En tog is dit dieselfde. Dit is wat ek gesê het ook toe ek dit omskryf het, is die variasie wat voorkom in die monsters, sowel as op die Bewysstuk 62.

Nou waar kry jy 'n "l" in 62 soos die een in 78(2) waarna ek verwys het? — (Hof kom tussenbei). (20)

DEUR DIE HOF: Die "l", luitenant, wat u nou hier op 62 het, ek neem aan dit is hierdie naam hier onder mnr. Chaskalson?

MNR. CHASKALSON: Ek is jammer, U Edele, die "l" in?

DEUR DIE HOF: Amandla?

MNR. CHASKALSON: Amandla Matla?

DEUR DIE HOF: Is dit die "l" wat u na verwys?

MNR. CHASKALSON: Die "l" in Matla is omsirkel. Ek vra waar kry jy 'n "l" soos daardie "l" waarna jy verwys het, waar kry jy 'n "l" soos dit in Bewysstuk ... nee, ek het gepraat van die "l" in 78(2), die "l" in Leonard en die getuie het gesê (30) dat die variasie in die "l" kom voor in die monster asook in die/...

die Bewysstuk 62, asook in die reeks 78(1) tot (5). En ek vra waar kry u in die Bewysstuk 62 'n "l" soos daardie "l" waarna ek verwys het in "Leonard"? — Ja, dit is vir my nou nog nie baie duidelik nie, maar die "l" in Leonard het ek nie gesê stem enigsins ooreen met die "l" op Bewysstuk 62 nie. Wat ek wel gesê het is dat daardie "l" in Amandla Matla, die "l" daar, wel ooreenstem met soos byvoorbeeld op 78(3), "Sir, we may please", die "l" daar.

DEUR DIE HOF: Wag, laat ek hom net kry. O ja. Mnr. Chaskalson 78(3), die eerste lyn, die woord "please" se "l", en die (10) Amandla.

MNR. CHASKALSON: Wel, dit lyk vir my nie dieselfde, dit is net 'n formasie, dit is 'n - die onderste streep daar het 'n klein hakie aan die einde. Wat is die ander faktor, dit is 'n gewone manier om 'n "l" te maak? — U Edele, ja, weer eens hier is ook verskillende "l" (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Maar laat ons nou net kyk, wat sê u van hierdie "l" van "please", en die "l" van "Matla"? — Ek sien daar absoluut geen verskil in nie, dit is vir my van die begin tot die einde dieselfde. Die helling daarvan, die formasie (20) daarvan, die eindiging daarvan, met die effense hakie na bo. Dit toon vir my duidelik dit is presies dieselfde.

MNR. CHASKALSON: Maar die helling is nie dieselfde, die enigste vergelyking is dat dit loop van regs tot links by die onderste streep? — Dit is korrek. Dit is tog die helling, die skuinste daaraan verbonde.

Ja, maar daar is baie mense wat 'n "l" op so 'n manier maak wat loop van links tot regs en wat ..(praat tegelyk)... — Dit is normaal, enige "l" loop van bo na onder.

Kom, laat ons na - u het melding gemaak van die letter "f" in Bewysstuk 62? — Dit is korrek. (30)

Nou daar/...

Nou daar is 'n hoeveelheid formasies van die letter "f" in die monsters 78(1) tot (6)? --- Dit is korrek.

Kyk byvoorbeeld 78(1). Het u 78(1)? --- Ja.

DEUR DIE HOF: Waar is die "f" daar?

MNR. CHASKALSON: Nou kom laat ons kyk na die "f" daar in die tweede reël, "funeral"... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: In die derde reël? Die tweede reël, "f" van ..

MNR. CHASKALSON: Die "f" van "funeral". Dit verskil heeltemal né? --- Dit is korrek.

Reël 3, die "f" in "of", dit is weer 'n verskillende "f", (1) dit is 'n ander vorm van "f"? --- Dit is korrek.

En daardie "f" verskil van die "f" in "for" in die derde reël in 62? --- Ja.

Kyk na reël 5, "if possible"? --- Dit is korrek.

Dit is weer 'n verskillende "f"? --- Dit is korrek.

Dit verskil van die "f" in reël 1 van 62? --- Dit is korrek

Ja, kyk na die reël 6, "Friday" ... (Court intervenes).

BY THE COURT: Mr. Chaskalson, if you look at 78(1), the "f" in "funeral", and the "f" in "for" and the "f" in "if" and the "f" in Friday, I am not being an expert on the face (20 of it, but they all seem somewhat different to me. Is that so?

MNR. CHASKALSON: Wel, dit is wat ek aan die getuie sê, U Edele. Dat dit is nie eienaardig dat 'n mens een van die verskillende "f's" kan kry wat op dieselfde formasie is as die in 62, daar is hoeveel verskillende formasies in die monsters? --- U Edele, dit is waarom ek daar gesê het ook, waar ek beskryf het, alhoewel daar ook 'n verskeidenheid van die letters "f" bestaan is dit 'n normale voorkoms in beide groepe geskifte. Hier het u uitgewys vier verskille op een betrokke brief, hier in Bewysstuk 62 is daardie selfde verskille in (30 die letter "f".

Maar dit /...

Maar dit is ook nie eienaardig as 'n mens met ongeletterde persone handel, die formasie van die letters sal verskil? --- (Court intervenes).

BY THE COURT: Well, I don't know, is it accepted that this man John Nkadimeng is "ongeletterd"?

MR. CHASKALSON: I don't know, My Lord. Maar ek stel dit net aan die getuie.

BY THE COURT: Yes, most certainly.

MR. CHASKALSON: --- U Edele, ek kan dit so stel, ek gaan nie sê dit is net ongeletterde persone wat so skryf nie, enige (10) persoon kan so skryf, enige persoon se handskrif varieër.

MNR. CHASKALSON: Ja, en dus die feit dat in 62 is daar verskillende vorme van dieselfde letters is nie van belang nie? Dit is normaal, stem u daarmee saam? --- Ek stem saam, ja. U stem saam? --- Ja.

Kyk byvoorbeeld in 78(3) na die "f's" in daardie reël 3, "verify". Dit verskil heeltemal van die "f" waarna u verwys het in 62? --- Dit is korrek.

Kyk na reël 4, reël 5, "information", weer 'n verskillende "f"? --- Dit is korrek. (20)

Of in reël 6, "f" in "for", weer 'n verskil, stem u saam? --- Ek stem saam.

Reël 8, "Braamfontein", weer 'n verskil? --- Dit is korrek.

Reël 10, "therefore", weer 'n verskil? Luitenant, ons kan seker die verskillende letters vir onself sien, maar stem u saam dat daar vir elke letter waarna u verwys het, wat u sê is op dieselfde formasie as 'n letter in 62, Bewysstuk 62, sal daar seker baie letters in die monsters wees wat op verskillende formasies gemaak is? --- Dit is heeltemal korrek. Dit is wat ek presies gesê het, dat daar is soveel in een (30) brief, nie eers om almal saam te neem nie, wat verskillende

formasies /...

formasies aantoon, maar ook so in Bewysstuk 62, ook dieselfde.

